

Onthoupaadjie ...

'n Tolletjiesstoel en
'n handsak met slegte medisyne

Ina Hattingh



Oupa Hansie en ouma Ellie

Johannes Gerhardus Schoeman

** Misgund, 12 Mei 1896, † Alberton 2 Sep. 1982*

getroud met

Ellie Catharina Holtzhausen

** Potchefstroom 24 Nov. 1903,*

† Edenvale 16 Jan. 1988

Oupa se noemnaam was Hansie. Hy was 'n dierbare mens vir wie ek baie lief was. Vir hom en vir Ouma was al die kleinkinders en agterkleinkinders ewe belangrik. Ek was vir Ouma ook baie lief maar ek was vir haar doodbang want sy was die kwaai een: die een met slegte medisyne.

Ek onthou ouma Ellie as die mooi, lang en slank vrou met die mooiste hande en lang slanke vingers. Ek het altyd gesê dat Ouma se hande lyk asof sy gebore is om klavier te speel. Haar pinkie was byna altyd in die lug soos 'n ware dame wanneer sy iets optel en as sy haar koppie vasgehou het.

Ek het vroeg as kind geleer as ons by Oumahulle kuier of hulle by ons, sluk jy jou hoes in. Jy hoes nie waar Ouma is nie want haar groot, blink, swart handsak was 'n apteek. Daarin was medikasie vir elke kwaal, vanaf die gevreesde kasterolie tot Vicks en met 'n klomp Lennonmedisyne tussen in. Maagpyn, het jy geweet, noem jy nie eens nie en verdra die pyn maar in stilte. As Ouma jou kry hoes, pluk sy die botteltjie Vicks uit, gryp 'n teelepel, skep 'n bietjie en jy moes sluk. Daar was geen teëpraat nie!

Oupa kon kwaai wees as dit nodig was maar ek het hom nooit kwaad gesien nie. Oupa was in my oë 'n sagte mens. Wanneer hy geglimlag het, het sy oë saam gelag. Hy was 'n boer op Palmietfontein by Germiston waar hy mielies en koring geplant en ook beeste en skape gehad het.

Oupa het 'n groot liefde vir houtwerk gehad en ek glo dat ek my liefde vir houtwerk by oupa gekry het. Ek het 'n trousseau kis in my huis wat Oupa vir my moeder uit seepkisplanke gemaak het. Dis nou al 85 jaar oud en ek bewaar dit soos goud. Moeder het altyd meters en meters materiaal daarin gebêre.

Die trousseaukis wat oupa gemaak het



Vandag hou ek ook my materiaal daarin maar gaan dit nou vir my dogter gee om haar trousseaugoedjies in te sit wat sy tans bymekaar maak. Ek weet sy sal goed daarna kyk want sy het my sentimentele gogga geërf.

Oupa het ook vir elke kleinkind en agterkleinkind met hulle geboorte 'n stoeltjie uit garetolletjies gemaak. Sover my kennis strek, is ek die enigste een wat nog myne het.

Ek as baba met my tolletjiesstoel in die agtergrond



Oupahulle kom eendag kuier en Oupa kom sit by my waar ek speel. Hy wil weet waarom ek op die grond sit en my pop op die stoel. Ek sê vir hom dit is omdat my pop nie 'n stoel het om op te sit nie. Oupa antwoord; O ek sien.



Hy is daar weg en het 'n klompie garetolletjies by moeder gaan vra en 'n rukkie later het my pop haar eie stoeltjie gehad.

Oupa was ook 'n bobaas lemoenskiller. Solank as jy kan eet, sal Oupa skil. Oupa se knipmes was altyd in sy sak en hy het dit graag uitgehaal om vinnig vir jou enige vrug te skil of te sny. Later toe Oupa nie meer op die plaas gebly het nie maar by sy jongste dogter het hy nog sy eie groentetuin gemaak. Enigiets wat eetbaar was, het in die tuin gegroei. Daar was ook 'n laning grenadellas en dit was net nodig om in daardie rigting te kyk as daar vrugte was, dan het Oupa opgestaan 'n teelep



gaan haal, jou aan die hand gevat en gesê kom ons gaan eet. Ek onthou ek het eendag soveel geëet dat ek siek geword het.

Oupa Hansie was die beste oupa in die wêreld. Ek sal die dag dat hy oorlede is nooit vergeet nie. Ek het vir my moeder gesê dat hulle vir my jok want ek kon nie glo dat Oupa weg is nie: weg vir altyd en altyd. Dit is hoekom ek vandag navorsing oor die Schoemans doen.

Deur: Ina Hattingh; kleindogter van oupa Hansie



"They say genes skip generations. Maybe that's why grandparents find their grandchildren so likeable."
(Joan McIntosh)

"Grandchildren are the dots that connect the lines from generation to generation."
(Lois Wyse)

"What children need most are the essentials that grandparents provide in abundance. They give unconditional love, kindness, patience, humor, comfort, lessons in life. And, most importantly, cookies."
(Rudy Giuliani)